# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir die implementering en uitvoering van sy beleide rakende tariewe, kredietbeheer en skuldinvordering deur die Emthanjeni munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die **Emthanjeni** munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**die Wet**" die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000); en

"**Munisipaliteit**" die **Emthanjeni** munisipaliteit.

**Implementering en uitvoering van beleide**

**2.** (1) Behoudens artikel 3 en enige nasionale of provinsiale wetgewing wat plaaslike owerheidsfinansies reël, gee die Munisipaliteit gevolg aan –

(a) sy tariefbeleid; en

(b) sy kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid,

opgestel en aangeneem in ooreenstemming met, onderskeidelik, artikels 74 en 97 van die Wet, deur die beleide te implementeer en uit te voer.

(2) Iemand wat aanspraak maak op 'n korting of toegewing ooreenkomstig 'n beleid in subartikel (1) genoem, verskaf die inligting vereis en voldoen aan die verpligtinge deur sodanige beleid opgelê.

**Publikasie van beleide**

**3.** 'n Beleid in artikel 2 genoem en enige wysiging daarop word in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer.

**Kort titel**

**4.** Hierdie Verordening heet die Verordening op Tariewe, Kredietbeheer en Skuldinvordering, 2008.